e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

16 September 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 32

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Stuur kommentaar oor die inhoud aan **gespreksforum@nhk.co.za**

VOORBLAD

Voorbidding vir die Kerk

Here, help ons Kerk om altyd getrou te bly aan dit wat u Woord vir ons sê. Lei U ons deur u Woord en u Gees!

Daar word vertel dat Martin Luther tydens een van nogal gereelde buie van neerslagtigheid die aand gaan stap het in die strate van die dorpie waar hy was. Sy gemoed was donker, want hy het soveel teenkanting beleef. Toe hy by 'n sekere huis verbystap, sien hy deur die kamervenster hoe 'n ma en 'n dogtertjie gekniel het om voor slaaptyd saam te bid. *Waarvoor moet ons bid, Mamma?* vra die kind. *Kom ons bid vir dominee Martin Luther*, sê die ma, sonder dat sy weet wie by die venster staan. Toe bid die dogtertjie vir Luther se werk. Luther het daar omgedraai en teruggehardloop huis toe. Op pad het hy by sy kollega ingehardloop en gesê: *Philippus, ons het niks om voor bang te wees nie! Die kinders bid vir ons!*

As 'n mens deur die agenda van die Algemene Kerkvergadering (AKV) lees, wil iets van dieselfde donkerte oor 'n mens se gemoed sak as wat in die verhaaltjie by Luther geleef het. Soveel verskille, soveel menings, soveel hardheid, soveel negatiewe statistieke, soveel beskrywingspunte wat jou maar net jou kop laat skud... Dalk is dit nou die tyd dat ons – soos nog nooit vantevore nie – met 'n kinderlike eenvoud en vertroue vir die Kerk moet bid.

Ook Jesus het vir die kerk gebid – die Hoëpriesterlike gebed in Johannes 17. Jesus het geweet dat die eise wat die wêreld aan sy kerk gaan stel dit vir hulle moeilik gaan maak. Hy het besef hulle gaan met omstandighede gekonfronteer word wat groter is as wat hulle self sou kon hanteer. Daarom bid Hy dat die Vader die kerk sal bewaar in sy Naam. Hy vra dat die Vader sal gee dat die kerk toegewy sal wees aan die waarheid. En Jesus vra dat die Vader sal gee dat sy kerk een sal wees en nie as gevolg van die verskille uitmekaar sal skeur nie.

Daar wag ingrypende besluite vir die 69ste AKV. Maar dalk is die bepalendste van al die keuses wat gemaak moet word, die vraag wat ons, elke afgevaardigde, gaan toelaat om ons keuses te bepaal. Dalk moet elke lidmaat se gebed in dié tyd ook wees: *Here, help ons Kerk om altyd getrou te bly aan dit wat u Woord vir ons sê. Laat dit vir ons die bepalende wees – nie ons eie denke en ons eie wil nie, maar ook nie bloot ander mense se denke en wil nie. Lei U ons deur u Woord en u Gees!* Laat ons in die volgende weke met diepe afhanklikheid die Kerk opdra aan die Here van die kerk.

Elke afgevaardigde moet ten minste van twee dinge seker wees: Christus hou self sy kerk in stand; en ons hoef nie bekommerd te wees nie – die kinders, die broers en susters van die Kerk, bid vir ons...

Ds Hannes van der Merwe
Pretoria-Oos

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Jaap Steenkamp

Ds Frikkie van Wyk

Beroep ontvang

- **Ds Jaap Steenkamp** van Potchefstroom Die Wilge na Ebenhaézer (Ellisras)
- **Ds Hardie Kotzé** van Vryburg na Schweizer-Reneke
- **Ds Frikkie van Wyk** van Newcastle na Magaliesmoot
- **Ds Hans Britz** van Outjo/Otjiwarongo na die Stella-kombinasie

Ds Hans Britz

Ds Frans Ras

Beroep aanvaar

- **Ds Frans Ras** van Eendracht na Pietermaritzburg (deelsorg)
- **Ds Hardie Kotzé** van Vryburg na Schweizer-Reneke

Vakante standplaas

- **Gemeente Zeerust** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas** en nooi behoudende predikante van die Kerk om aansoek te doen **voor of op Donderdag 7 Oktober 2010**. Belangstellendes word versoek om volle besonderhede te e-pos aan die skriba van die gemeente by **kikuyu@work.co.bw**. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Kobus Celliers se moeder** is op Dinsdag 7 September oorlede. Ons innige simpatie gaan aan die familie.

- **Ds Phillip Horn se moeder** is op Vrydag 10 September oorlede. Ds Horn en sy familie word sterkte toegebid.

Prof Ben Engelbrecht

- Dit gaan nie goed met **prof Ben Engelbrecht** nie. By die hartversaking wat hy onlangs ervaar het, het nierversaking nou ook ingetree. Hy is nou die grootste deel van die dag bedlêend. Prof Engelbrecht herdenk later vanjaar 60 jaar in die bediening.

- **Ds Kálmán Papp sr** (86), emerituspredikant van Krugersdorp, het verlede week geval en 'n heup gebreek. Hy het Woensdag 'n geslaagde heupvervangingsoperasie ondergaan en dit gaan onder omstandighede goed met hom.

- 'n Bekende lidmaat en ouderling van Zimbabwe wat die afgelope paar jaar in die Republiek kom woon het, **Tom de Vos**, is die afgelope week oorlede. Tom het swaar afskeid geneem van sy land. Kort na hul intrek op 'n plaas naby Stoffberg is hy en sy vrou aangeval. Tom word Donderdag 16 September om 11:00 vanuit die kerkgebou van Marble Hall begrawe. Meelewing word met sy vrou Mina en sy kinders betuig.

Drr Wian en Elsabé Kloppers

- **Dr Elsabé Kloppers** is op Sondag 12 September van haar standplaas by Rietvallei losgemaak waar sy oor jare deeltyds betrokke was. Sy het uitmuntende werk gedoen, vir 'n lang tydperk saam met haar eggenoot dr Wian Kloppers, redakteur van *Konteks* en voormalige hoof van SENTIK. Dr Elsabé is ook hoof van die Konservatorium en voorsitter van die Komitee vir Kerkmusiek. Sy gaan voort met

dié werk. Sy wil haar voltyds aan haar studies wy en is besig met ’n volgende D-graad. Sy sal later weer beskikbaar wees vir deeltydse werk in ’n gemeente in die Pretoria-omgewing. Sy word seën en sterkte toegebid met haar studiewerk, wat ten behoewe van die Kerk is.

Ds Larry van der Walt

- **Prop Werner Olivier** word op Sondag 19 September in Harare bevestig as deeltydse predikant van Zimbabwe. Hy sal sy werk vanuit Suid-Afrika verrig en een week per maand daar werk, wat twee naweke insluit.

- **Ds Larry van der Walt**, wat losgemaak is van sy standplaas Middelburg-Noord, is beskikbaar vir preekgeleenthede. Hy kan bereik word by tel 082 666 0261.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 17 September: Di Willem Herbst (emeritus), Piet Rautenbach (Nkana)
  - Saterdag 18 September: Ds Peet Kruger (emeritus)
  - Sondag 19 September: Di Attie Hattingh (Delareyville), Kobus Pienaar (Kruin)
  - Dinsdag 21 September: Prof Adriaan Pont (emeritus)
  - Woensdag 22 September: Di Zet Robberts (Heidelberg), Errol Sheppard (Vaalpark)
  - Donderdag 23 September: Di Wouter Beukes (Springs-Noord), Neels Botha (emeritus), dr Gert Malan (Mosselbaai)
  - Vrydag 24 September: Ds Thinus van Staden (Montana)

Annezel Otto

Petrus Dreyer

- **Die proefpreke** van die finalejaar teologiestudente het in alle erns begin. Op Sondag 12 September het **Annezel Otto** haar proefpreek in Sionspoort gelewer. Op Sondag 19 September lewer **Petrus Dreyer**, seun van dr Wim Dreyer (sekretaris vir Apostolaat en deeltydse dosent by UP), sy proefpreek om 09:00 in die kerkgebou van Rietvallei. Dit is ’n historiese geleentheid vir die Kerk en die Dreyer-familie – Petrus het dieselfde name as sy oupa, wyle prof PS Dreyer. **Yolandé Benadé** se proefpreek is ook op 19 September, in Pretoria-Oos.

Yolandé Benadé

- Die samesmelting van gemeentes **Waterberg en Waterberg-Wes** vind eerskomende Sondag, 19 September, plaas. **Dr Barry van Wyk** is tans predikant van Waterberg-Wes en sal deur die nuwe gemeente beroep word.

- Gemeentes moet asseblief daarop let dat stukke wat vir **bewaring** in aanmerking kom, ooreenkomstig die ***Riglyn vir gemeenteargiewe*** moet wees. Hierdie riglyn kan aangevra word van die Kerkargief by **argief@nhk.co.za**. Vir die afdra van argiefstukke moet vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, reëlings getref word. Dit geld ook tydens die komende AKV. Afgevaardigdes word vriendelik versoek om vooraf reëlings met die argivaris te tref vir enige stukke wat ontvang moet word.

- Die NHSV hoofbestuur, die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk, SENTIK, die argivaris mnr Nándor Sarkady, en dr Jackie Grobler van die Universiteit van Pretoria is besig met ’n **navorsingsprojek oor belewing en hantering van armoede gedurende 1930-1960**. Die vraelyste is beskikbaar by alle NHSV takke en op die NHSV se webblad **www.nhsv.co.za**, en is ook per e-pos aan elke gemeente gestuur. Dit is belangrik dat alle predikante en kerkrade moet meedoen, want ons moet soveel vraelyste moontlik terugontvang om die projek te laat slaag. Die keerdatum is **einde September 2010**.

- **Gemeente Westonaria** het besluit om sy standplaas met **deelversorging** te handhaaf. Die kerkraad het oorweeg om die standplaas te wysig na deeltydse bediening, maar na deeglike besinning besluit om die status quo te handhaaf.

- Gemeentes kan hul bestellings vir die 2011-publikasies plaas by mev Susann van Zyl, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**. Die bestellings moet verkielik voor einde Oktober geplaas word. Ten spyte van stygende koste is besluit om die prys vir die nuwe *Almanak/Bybelse Dagboek* dieselfde te hou as in 2010. Die **pryse vir volgende jaar se publikasies** is soos volg:

  - *Die Hervormer* R90 vir 11 uitgawes
  - *Konteks* R130 vir 10 uitgawes
  - *Almanak/Bybelse Dagboek* R100

- Na verskeie versoeke het SENTIK besluit om weer ’n **kalender** vir gemeentes beskikbaar te stel. Die vertrekpunt is die kerklike jaar, en gemeentes kan hul eie inligting met die program van die Kerk integreer. Die konsepkalender word saam met hierdie *e-Hervormer* aan gemeentes gestuur.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Vrydag 17 September: Gemeente Horison Roodepoort Lentedinee**
  Gaskunstenaars Esté Pienaar en Aalwyn van Heerden
  Puik vermaak en heerlike driegangmaal vir slegs R120 per persoon
  of R1 000 vir 10-sitplektafel
  Bespreek by Annemarie Strydom (083 271 3091) of David Barnard (083 441 1789)

- **Saterdag 9 Oktober: Gemeente Midstream**
  Sanger Jak de Priester
  R100 per persoon (sluit kaas-en-wyn-ete in)
  Kaartjies beskikbaar by Tolla Strydom, 078 283 5205

- **Saterdag 9 Oktober 10:00: Gemeente Wonderboompoort**
  Internasionale Tee
  Spreker dr Don Roos (opvoedkundige), sanger Elzette Myburgh
  R60 per persoon
  Kaartjies by Giesela Schwarzer, **giesela@telkomsa.net**, 083 709 9808 of 012 335 4181

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum 082 786 5752

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Wes: Vleisprojek**
  Wors wat in Swartruggens gemaak is teen ±R40 per kg
  Maalvleis en wors ook teen R20 per pakkie beskikbaar
  Kontak Lettie Walker by 012 327 2323

Basaars en markte

- **Saterdag 30 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Rooihuiskraal Kersmark**
  Hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel
  Kontak Marlize Albertyn by 083 312 7610 om te bespreek

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Wonderboompoort Wonder-Kersmark**
  Hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
  Vanaf 07:00, bring eie tafel en *gazebo*
  Uitstallers R50 (of groter donasie)
  Bespreek by 082 733 3951 of **cjdb@vodamail.co.za**

- **Gemeente Wesmoot: 16-19 Desember Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

ANDER NUUS

- **Reëlings vir die 69ste AKV** vorder volgens beplanning. In die komende week word die kerkgebou van **Wonderboom** ingerig vir die vergadering, en die sogenaamde *groot trek* vind plaas vanuit die Sinodale Kerkkantoor. Sake is ’n bietjie makliker as in die verlede, omdat die Aula gewoonlik eers van die Saterdag af gehuur kon word. Die moontlikheid sal oorweeg word om in die toekoms weer by die gemeente te vergader, aangesien die koste rondom die huur van die Aula groot is. Daar is groot dankbaarheid teenoor die kerkraad en gemeentelede van Wonderboom wat uit hul pad gaan om die vergadering te ontvang en so gerieflik moontlik te maak.

- **Registrasiegelde vir die 69ste AKV.** Kerkrade wat reeds registrasiegeld vir die afgevaardigde en predikant(e) van die gemeente **elektronies oorbetaal** het, word hartlik bedank. Hiermee weer eens die versoek dat gelde so ver moontlik elektronies oorbetaal word. Besonderhede is die afgelope week aan gemeentes gestuur. In gevalle waar die predikant of afgevaardigde weens omstandighede nie die vergadering kan bywoon nie, moet die registrasiegelde asseblief oorbetaal word. Vakante gemeentes en gemeentes wat geen ouderling afvaardig nie, moet ook steeds die registrasiegeld betaal. In gevalle waar ’n emerituspredikant pastorale werk in ’n gemeente doen, moet die registrasiegeld ook vir die emerituspredikant betaal word.

- Die **Kuratorium vir die Teologiese Opleiding** het besluit om die **pos in Gods-diens- en Sendingwetenskap** aan die Universiteit van Pretoria te ontvries. Dit gaan weer geadverteer word, en belangstellendes kan daarvoor aansoek doen. Meer inligting is by die Administrateur beskikbaar, by **kobus@nhk.co.za** of 012 8885 x255.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse en lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings, wat wissel van R2 000 tot R6 000. Vra aansoekvorms aan by **nhsvadmin@nhk.co.za** of 012 325 0117. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2010**. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

- Diakonale Pleegsorg (DPS). **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg**. Datum van diensaanvaarding Desember 2010 maar nie later nie as 1 Januarie 2011. **Aansoeke sluit op 22 September 2010.** Getroude egpaar, verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud, lidmate van die Hervormde Kerk, goeie gesondheid en ’n aanvoeling vir kinders. Suksesvolle ouers sal benewens ’n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning in die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Roelf Coertze by 012 548 1496 of 082 572 4846.

- **Jac van Belkum Kinderhuis en die Hervormde Kinderhuis van Middelburg** hou ’n **reünie** op **Saterdag 25 September**. Enige jaargroep van beide kinderhuise is welkom. Die reünie vind plaas by die kinderhuisperseel in Krugersdorp,

nou bekend as die Almamater-privaatskool. Die hekke open om 08:00 en die verwelkoming vind plaas om 10:00. Vir verdere besonderhede, kontak Nenna van Rensburg by **nena.50@live.com**, 073 698 7765 of 011 958 1449.

Mnr Bouwer van Rooyen

- **Die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV)** het aan die einde van Augustus sy 30ste bestaansjaar gevier. Die Vereniging, wat in 1980 deur prof Albert Troskie gestig is, beywer hom vir die bevordering van Protestantse kerkmusiek in die Afrikaanse kerke en funksioneer as 'n professionele liggaam in belang van die kerkorrelis. Vanjaar is vir die eerste keer beurstoekennings gemaak aan skoliere en studente in orrelstudie, asook kerkmusiek. Van die ontvangers is Winand Grundling (MMus Uitvoerende Kuns), Isabeau Swanepoel (MMus Kerkmusiek) en Colin Campbell (PhD Kerkmusiek). Erelidmaatskap is aan een van SAKOV se vorige voorsitters, die orrelis Wim Viljoen, toegeken vir sy jare lange bydrae tot orrel- en kerkmusiek. Oorkondes is ook toegeken aan orreliste met 40 jaar of langer diens as kerkorrelis. **Mnr Bouwer van Rooyen van Bloemfontein** het by die Potchefstroomse orrelis, prof Daleen Kruger, die leisels as voorsitter oorgeneem.

- Persone wat die **SP Engelbrecht-museum** in die kerkgebou van Gemeente Pretoria wil besoek, moet vooraf reëlings tref met mev Ansie Joubert, by 012 321 7580.

- Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied **tydelike verblyf** in goed toegeruste wooneenhede teen R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in. Navrae aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Vereniging** verkoop dasse teen R110 elk. Kontak Lisa-Mari Swanepoel by **lisamari.swanepoel@gmail.com** of 083 943 4561.

- Die **volgende vergadering** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertyd en lokaal.

  - Vrydag 17 September: ADV-dagbestuur

ADVERTENSIES

TUINWOONSTEL TE HUUR
Rietondale, Pretoria (rustige woongebied noord van die Uniegebou, lae misdaadrekord).
Digby universiteite, Brooklyn, hospitale en middestad.
Netjies en privaat met een slaapkamer, badkamer, kombuis, L-vormige sit-/eetkamer, voorstoep en onderdak-agterstoep met klein privaattuintjie. Onderdakparkering. Geen troeteldiere.
Word verhuur as enkelpersoonwoonstel met vereiste dat huurder die omgewing se rustigheid, stilte en stabiliteit sal handhaaf.
Huurtermyn 1 Januarie tot 31 Desember 2011, met opsie om te verleng (okkupasie voor 1 Januarie 2011 onderhandelbaar).
Huurgeld R2 800 per maand (deposito R3 000).
Meer besonderhede by Jan Oberholzer, 082 851 1081 of **jan@nhk.co.za**.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Lees in *Konteks* van Oktober 2010

- Oktober – tyd van hervorming en herbesinning
- Hoe tree ek op as my kind dwelms gebruik?
- 1 Oktober – Internasionale Dag vir Ouer Persone

Lees in *Die Hervormer* van Oktober 2010

- Is ons Kerk van die verlede of Kerk van die toekoms?
- Die Hervormde Kerk se poort tot Afrika
- Erepennings en doktorsgrade vir ons lidmate





Daar is ook ’n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto’s) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 222 kilogrepe groot is.

Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur ’n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx